



# Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

# Kompass



## WAT LEES ONS?

Toe ek op laer- en hoërskool was, het ons boeke gelees wat meestal met die skoolwerk te doen gehad het. In Afrikaans was dit bv. *Gannavlei* deur Dolf van Niekerk; in Engels *The little Karoo* deur Pauline Smith. Benewens romans het ons ook gedigte leer waardeer. By die huis het ouers kinders ook leer lees deur vir hulle boeke voor te lees: kinderboeke en die kinderbybel. Later, so rondom graad 5, het ons boeke begin lees van die boekrakke by die huis, ook uit die openbare biblioteek en die kerkbiblioteek. Dit was boeke soos *Trompie* en *Saartjie*, wat vir seuns en dogters spanningsverhale was. Dit was geen Christelike of gereformeerde boeke nie, en daarom het ons by die huis juis eenvoudige boeke gelees oor bv. die Hugenote, die stryd tydens die Tweede Wêreldoorlog, Piet Prins, ens. Dit was boeke in romanvorm wat 'n kind onbewus die stryd om die geloof bygebring het.

Later was *Bartje* van Anne de Vries 'n gewilde boek om te lees. Verder was daar gewoonlik boeke van K Norel of P Risseeuw op die boekrak by die huis – Christelike en/of gereformeerde boeke. Ons ouers het ons probeer opvoed by hierdie soort boeke en nie by sekulêre boeke nie. Hoekom? Om ons as kinders te leer om gereformeerd te dink en te doen. Nogtans is ons geleer om krities te lees en te waak teen oppervlakkige Christendom.

Dit bring my dan by die vraag of daar nog boeke in Afrikaans of Nederlands verskyn wat werklik Christelik en/of gereformeerd is. Die kort antwoord is: baie min. Van die wêreld se boekproduksie (en dit was nog nooit so groot soos wat dit nou is nie) sou dit moontlik wees dat 0,00000001% Christelik is, om dan nie eens van gereformeerd te praat nie. Die boeke wat deesdae verskyn, weerspieël soos altyd die gees van die tyd waarin ons lewe. Die tyd kan in een woord beskryf word as sekulêr. Met ander woorde, die boeke van vandag is sekulêr.

Soos wat dit vir die Christendom moeilik is om in 'n sekulêre tyd te lewe, so is dit vir 'n Christelike leser moeilik om uit die boekproduksie goeie keuses te maak.

Ons kinders lees betreklik min as gevolg van die ander media wat daar is. Lees is belangrik vir 'n mens se ontwikkeling as kind van die Here. Hoe 'n groot verantwoordelikheid het ons as ouers dan nie om aan ons kinders hierin leiding te gee nie. Vir jong volwassenes is daar deesdae heelwat Engelse Christelike boeke uit die VSA, van evangeliese kant, wat graag gelees word. 'n Kritiese ingesteldheid is nodig. Dit kan verkry word deurdat ouers ook die boeke saamlees en die nodige gereformeerde kritiek lewer. Boekbesprekingskringe is baie waardevol en kan Bybelse insig na vore bring. Ons moet deur te lees ook opgebou word in die geloof.

Tog bly dit moeilik vir elke Christen om sy paadjie in die doolhof van boeke (romans, kortverhale of gedigte) te vind. Boeke wat opbou in die geloof. Riglyne bly moeilik, maar is tog daar. In gereformeerde gesinne is die Bybel en kinderbybel gewoonlik ons eerste 'leesboek'. Vir opgroeiende kinders is daar dan later die pragtige *Bybel in vertelling en beeld* van G Ingwersen, nou ook in Afrikaans vertaal. Elke gesin moet dié boek hê vir voorlees of selflees.

### Jaargang 21 no 6 Junie 2012

- Beweging ..... 2
- Kerknuus uit Nederland ..... 4
- Ad-hoc Sinode VGKSA ..... 6
- Christelike roeping  
in die stad ..... 8
- Oor die groot dade  
van God ..... 11
- Geloof en wetenskap ..... 14
- Praat met teenstanders? 16
- Boekenuus ..... 18
- Christus ons ewige rus (2)  
..... 19

Daar bestaan gelukkig ook biografieë oor kerkvaders, Bybelse persone en leiers in die kerk in romanvorm. Dit vorm ons denke.

Namate ons ouer word, is gereformeerde tydskrifte ook nodig, bv. *Kompas*, *Nader Bekeken*, *Die Kerkblad*. Ons moet ook maar altyd ons ore gespits hou vir nuwe goeie gereformeerde romans en literatuur. Die Here gee nog gereformeerde skrywers, soms uit onverwagte oorde. Sommiges van ons het die voorreg van 'n kerkbiblioteek waar goeie boeke uitgeneem kan word. Dit is soms baie verrykend om 'n goeie boek na jare te herlees. In ons lewe van elke dag moet ons steeds keuses maak hoe ons ons tyd bestee tot eer en volgens die geboeie van God. Ons moet onder leiding van die

Heilige Gees groei in die geloof. Lees is hier 'n wonderlike middel. Laat ons wat boekwurms is, nie net lees omdat lees lees is nie. Baie sekulêre skrywers kan geweldig goed skryf. Jy is 'n intelligente leser en geniet op 'literêre' vlak enorm! Maar doen dit met groot verantwoordelikheid! Ons geloof is op die spel. Laat ons ons ure van lees op die regte manier bestee en invul, sodat dit bydra tot groei in die geloof. Ja, doen dit volgens God se norme. Ons is geheilig (afgesonder) tot sy diens.

**Prof Hans Boon** is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Johannesburg.

## BEWEGING

### Uit die Bybel

**Deur die innige barmhartigheid van onse God waarmee die opgaande Lig ons besoek het (Luk 1:78). En Hy (Jesus Christus) het vir hulle innig jammer gevoel (Mark 6:34). Salig is die barmhartiges... (Matt 5:7).**

Hoe sag is jou hart? Hoe beweeglik is jou hart? Dit is die vraag waaroor dit gaan as die Bybel praat oor barmhartigheid. Om met hart en hande in beweging te kom. Om in die hart getref te word, en dit deur die hande sigbaar te maak – beweging *vanuit* hart tot hande.

#### Wese van barmhartigheid

Egte barmhartigheid wys dus op *beweging*. Dit wat eers stil was, moet nou in beweging kom. So hoor ons dit tog ook dikwels as daar 'aktiverings-oproep' gemaak word? "Ons moet ophou om stil te sit, en iets begin doen". Die Bybel roep ons op om barmhartig te wees, en daarom moet ons ook iets gaan *doen*. Daar word 'n enorme appèl op my gemaak om in beweging te kom.

Natuurlik is die beweging (teenoor die stilstaan) in hierdie oproepe baie belangrik. Maar mis ons hier nie iets wesenliks nie?

Een van die dinge waaraan ander dan ook (tereg) aandag gee, is die barmhartigheid se egtheidstoets: Kom dit ook werklik uit jou hart? Die bepalende saak vir barmhartigheid is tog uiteindelik jou hart. Ons praat nou oor die "hart" van die mens; nou het ons tog seker by die wese van barmhartigheid uitgekóm?

Ek is bang dat ons gesprekke oor barmhartigheid baie keer rondom hierdie twee sake sentreer: Is jou hart reg? En is jou hart in beweging? En dat ons sodoende tog nog niks sê oor die diepste geheim van barmhartigheid nie. Dat ons werklik die wese van barmhartigheid mis!

Want die wese van barmhartigheid begin nie by my hart nie. Ons oproepe tot beweging kan nooit op my fokus nie. Anders is ons barmhartigheid niks anders as die wêreld se barmhartigheid nie.

Voordat daar enige iets gesê kan word oor my beweging, moet ons weet dat die *hemel* in beweging gekom het. Egte barmhartigheid is nie iets wat uit *my* hart begin vloei het nie, dit is iets wat by *God* se hart begin het. Die bron van alle barmhartigheid lê by God. Dit vloei soos 'n stroom voort uit sy hart. *Voordat* God ooit 'n opdrag tot barmhartigheid aan my gegee het, laat Hy 'n stroom vanuit die hemel na die aarde vloei. *Voordat* ek 'n oproep gekry het om 'n hart te hê wat in beweging is, het Hy 'n oorfloedige stroom begin. Dit is die geheim van barmhartigheid!

My opdrag om in beweging te kom, is niks anders nie as om te gaan staan in hierdie oorfloedige stroom van barmhartigheid wat by God begin het. Spring in deur die geloof, en laat jou meesleur! Kom in beweging deur die groot beweging wat by God Self begin het!

Slegs so kan my hart ook werklik in beweging kom. Slegs so kan barmhartigheid krag en effek hê. Slegs so kan my hartsmotiewe suiwer bly. Slegs so kan ek as Christen iets sigbaar maak wat (letterlik) wêreld

verskil van dit wat rondom my in die samelewing gevind word.

Slegs so kan ek God behaag met my barmhartigheid – deur nie sy barmhartigheid te minag nie!

Bepalend vir my opdrag van barmhartigheid is dat ek drie bewegings sien. God die Vader beweeg, God die Seun beweeg, en daarom en daaruit word ek deur die Gees in beweging gebring.

### **God die Vader beweeg**

Hoe pragtig word dit vir ons beskryf in Lukas 1:78. Die opgaande Lig, Jesus Christus, het ons uit die hoogte besoek *as gevolg van die innige barmhartigheid van God die Vader*.

*Daar* het die beweging begin, toe my Vader my aanskou het in die duisternis en doodskaduwee (Luk 1:79). Toe Hy gesien het hoe ek in die modder van my lewe vassit – heeltemal vasgeketting in hierdie sonde en ellende van my. Toe Hy aanskou het hoe ek Hom gehaat het, sy vyand was (Rom 5:10), en sy goedheid uit my lewe gesny het.

Dit was hierdie ellende van my wat God so diep getref het. Dit het God as 't ware oorweldig. Letterlik staan daar in Lukas 1:78 (en dit is 'n menslike beeld) dat God se ingewande in beweging gekom het van barmhartigheid. Sy ingewande het saamgetrek van uiterste emosie en betrokkenheid. So sterk was Hy aangegryp deur ons lot! Sy hele wese is daardeur geraak.

So mag ons Vader leer ken in ons opdrag tot barmhartigheid: as die Vader wat in beweging kom vir sy kinders, omdat Hy so diep deur hulle lot getref word. Vader kon dit nie so laat nie. Hy *moes* ingryp.

En sien dan tog raak hoe oneindig ver, hoe oneindig groot, hoe onvoorstelbaar duidelik Vader in beweging gekom het! Hy het sy eie, sy geliefde Seun gestuur. God se volk moet sien: Vader gee soveel as wat maar moontlik gegee kan word. Hy gee as 't ware sy eie hart weg – sy eie Seun. So bewoë, so diep bewoë oor ons lot.

Vader het tot die uiterste geweier om sy hande in onskuld te was oor my ellende en ongeregtheid. Hy het geweier om my aan myself oor te laat. Hy sou *gee* om dit alles te verander: selfs sy eie geliefde Seun tot sonde *maak* sodat ek van die doodskaduwee gered kan word.

So het die stroom van hierdie Goddelike barmhartigheid begin. By Vader wat deur ons lot diep in die hart getref is! Die geheim van egte barmhartigheid: my Vader se hart en hande het in beweging gekom – vir my!

Hy het sy eie geliefde Seun gestuur.

### **God die Seun beweeg**

Maar dan is Christus nie slegs die *bewys* van Vader se barmhartigheid teenoor my nie. Christus het nie na die aarde gekom as 'n afstandelike boodskapper om ons op te roep tot barmhartigheid nie (vgl. Matt 5:7). Wie barmhartigheid soek, mag dit juis ook in oorfloed by Hom vind!

Christus is immers die weg tot Vader se hart. By Hom gaan die bron van Goddelike barmhartigheid vir ons oop. Hy ontsluit die bron van God se barmhartigheid. As Verlosser kom wys Hy die weg na God se barmhartigheid. Meer nog, Hy *is* die weg waardeur ek volledig in die stroom van God se barmhartigheid mag staan.

Kyk maar hoe sien ons by Christus presies dieselfde Goddelike barmhartigheid.

Dink byvoorbeeld aan Markus 6 en Markus 8 (6:34-37a; 8:1-3). 'n Groot groep mense wat geensins almal getroue volgelingen van die Here Jesus is nie. En Hy kry hulle jammer omdat hulle soos skape sonder 'n herder is. So breed is die Goddelike barmhartigheid!

Goddelike barmhartigheid vind nie sy oorsaak in liefde wat ontvang word nie. Goddelike barmhartigheid word nie gegee *op grond* van iets wat jy vir my gedoen het nie. Geen voorwaardes wat gestel word voordat jy in die binnekring van Christus se barmhartigheid kan kom nie.

Dit is die verrassende van Goddelike barmhartigheid: waar niemand eers daarvoor gevra het nie, word dit tog bewys! So gaan dit immers in die stroom van God se barmhartigheid: ek word so diep getref dat ek nie meer onbetrokke *kan* bly nie!

Hoe breed die Goddelike barmhartigheid ook al is, dit neem nooit die diepte daarvan weg nie. Want juis hierin lê die uniekheid van hierdie soort barmhartigheid. Waar niemand in die wêreld omgee vir die *siel* nie, bly dit 'n onmisbare deel van barmhartigheid. Waar niemand omgee hoe iemand teenoor God staan nie, erken Goddelike barmhartigheid dit juis as sy kern!

So sien ons dit tog in Markus 6? Christus se barmhartigheid word allereers daarin sigbaar dat Hy die volk *onderrig*. Die lewe met die ewige en heerlike God bepaal uiteindelik iemand se rykdom of armoede!

Natuurlik gaan dit ook verder as die siel (bv. Mark 6:37vv en Mark 8). Daar word ook voedsel uitgedeel. Maar tog mag ons nooit die uniekheid van Goddelike barmhartigheid opgee nie!

### **Deur die Gees...**

God die Vader het in beweging gekom en Christus gestuur. Christus het tussen ons kom woon en in

beweging gekom. En noudat Hy die Gees vir ons verwerf het, en dit ook oor ons uitgestort het (Pinksterfees!), juis daarom kan ons nou ook in beweging kom!

Nie ek en my barmhartigheid nie! Nie ek wat in beweging moet kom nie!

Ek sien die Vader wat die oorvloedige stroom van Goddelike barmhartigheid hier op die aarde bring. Ek sien die Seun, Jesus Christus, wat die sleutel dra (sleutel is) van hierdie oorvloedige stroom. Ek sien die Heilige Gees, uitgestort, wat my deel maak van hierdie oorvloedige stroom.

Juis so word dit ook duidelik dat harte nie afgestomp raak omdat ons so baie met ellende en moeites in aanraking kom nie. Harte word nie hard na gelang van tyd nie. So was dit tog ook nie by die Here Jesus nie? Nee, harte word afgestomp deur ons kleingeloof, deurdat ons ons oë wegneem van ons barmhartige God.

Die geheim van my barmhartigheid is om te sien hoe diep Hy in die hart getref is deur my ellende. Hoe Hy

elke dag in beweging kom. Elke dag weer! My God wat *nooit* afgestomp kan raak vir my ellende nie. Deurdad ek *dit* raaksien en besef, bly my hart sag en beweeglik.

Barmhartigheid kom uit die hemel. Daarom kan Jesus die barmhartiges ook *salig* noem (Matt 5:7). Salig beteken immers: hemelse vreugde. 'n Hemelse vreugde wat niks te make het met "ek-wat-my-hart-in-beweging-moet-bring" nie. Dit is 'n vreugde wat die gevolg is van Goddelike werk in my. Die Vader het in beweging gekom: vir my! Die Seun het in beweging gekom: vir my! Die Gees het in beweging gekom: vir my!

Ja, nou kan ek ook nie anders nie.

Vir Hom, my Drie-Enige Barmhartige God!

*Ds Jopie van der Linden* is emeritus-predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Johannesburg.

## KERKNUUS uit NEDERLAND

### Kerknuus

Die lente breek stadig maar seker deur hier in Nederland. Vir die studente beteken dit eksamentyd. Daarna is dit darem somervakansie. Daarom is die meeste kerklike aktiwiteite ondertussen afgesluit. Die katkisasies en verenigings word eers weer in September voortgesit. Die kerkrade vergader nog so een of twee keer voor die vakansie. En dan pak die meeste lidmate, saam met meer as 6 miljoen ander Nederlanders, die langpad aan vir die vakansie.

In die GKv-kerkverband is daar dus op hierdie oomblik nie baie nuus nie. Die stof van die afgelope paar maande het gaan lê, na die kontroversiële reaksies op die sterwe van prof J Kamphuis (ek neem aan dat hierdie nuus via ander bronne die VGKSA bereik het!). Daarom gaan ek nie veel daarvoor vertel nie, behalwe om te meld dat dit in kort maar hieroor gegaan dat 'n kerkhistorikus van die VU 'n maand na die begrafnis van wyle prof J Kamphuis voorgestel het om 'n 'Waarheids- en Versoeningskommissie' (à la Suid-Afrikaanse styl) in te stel om die breuk van 1967 en die ontstaan van die Nederlands Gereformeerde Kerk te bespreek. Daardeur kon die skuldiges, waarvan prof Kamphuis volgens hom die grootste 'sondebok' was, tot openbare skuldbelydenis gedwing word. Daar was egter van alle fronte soveel verontwaardiging oor hierdie voorstel dat dit

voorlopig van die baan is. Intussen is ook prof **dr CJ**



**Trimp**, oud-professor in Homiletiek te Kampen, oorlede. Sy betekenis vir die GKv het in verskillende kerklike media aandag verdien.

Die enigste oorblywende nuus wat ek wil deel, is dat die Theologiese Universiteit



(TU) te Kampen **ds E Brink** tot dosent benoem het, onder andere vir onderwys en begeleiding op die terrein van die Ou Testament. Hy is predikant van die GKv te Waddinxveen en dosent aan die opleidingsinstansie 'Kerkelijk Werk van de Gereformeerde Hogeschool in Zwolle'.



In die res van my bydrae wil ek iets deurgee van 'n brief (verskyn in die *Nederlands Dagblad* van 8 Mei 2012) van **ds Matthijs Haak**, predikant van die GKv Rotterdam-Delfshaven, waarin hy 'n resente ontwikkeling in die GKv bespreek.

Ds. Haak skryf die volgende: Die voorbeeld van die gemeentestigtingsprojek *Stroom* in Amsterdam laat sien dat daar onverwags spanning kan ontstaan met die (vrijgemaakt-gereformeerde) kerkverband waaruit hierdie (sendings-) inisiatief ontstaan het. Hierdie onderlinge spanning kan nie afgemaak word as 'hulle probleem' nie; dit raak die hele kerk. Ds Haak noem die volgende i.v.m. die kerklike gesprek oor die identiteit van hierdie sendinggemeente:

" 'n Moeder wat nie haar dogter erken nie". Hierdie beeldspraak vir die verhouding tussen die kerkverband (van die GKv) en 'n gemeentestigtingsprojek het in die *ND* van 27 April verskyn. Op Dinsdag 24 April was daar alreeds 'n soortgelyke opmerking. Dit het toe oor dieselfde onderwerp gegaan, maar toe was dit omgekeerd. In 'n artikel is gesê dat 'n moderne manier van denke, met as verskoning om 'missionêr' te probeer wees, die kerk binnegehaal word. 'Dit moet ons egter ten alle koste vermy!' Maar hoe nou verder?

Die oorsaak vir hierdie opmerkings is die gemeentestigtingsprojek *Stroom* (*ND* 21 April). Die fokus van hierdie artikel het gelê in 'n soort verleentheid wat ontstaan het oor die feit dat in hierdie projek ook vroue deel van die 'raad van 'oudstes' is. Dit terwyl die GKv slegs manne as ampsdraers erken. Tog het hierdie projek juis ontstaan en word dit gefinansier deur gemeentes in die GKv.

Ds Haak is van mening dat dit daarom goed is om te kyk na die betrokke situasie. Allereers is dit belangrik om duidelik aan te gee dat dit nie vreemd is om te besef dat die kerke die verlange en die opdrag (Matt 28:19) het om die nog steeds groeiende groep mense te bereik wat Christus nie ken nie en ook geen aansluiting vind by die bestaande kerk(kultuur) nie. Dis noodsaaklik om hierby te vra na die eie kerklike identiteit van die sendende kerk. Wie is jy as kerk, en hoe wil jy dat die buitewêreld na jou kyk? En wil jy as kerkgemeenskap sekere kerklike eienskappe tussen hakies plaas om meer toeganklik vir ander te wees? Mag laasgenoemde eintlik wel gebeur? Mag jy as Skrifgetroue kerke jou oë sluit by onbegrip van buitestaanders, en dus t.w.v. hulle aanpassings maak wat jy in bestaande gemeentes nooit sal doen nie?

Of hou jy, ongeag wie jy wil bereik, by jou eie identiteitskenmerke, en wag jy maar af wie die Here wil roep tot geloof en bekering? En: hoe geloofwaardig is jy as jy jousef (vir 'n deel) anders voordoen as wat jy regtig is?

Elke missionêre kerk herken hierdie spanning. Die laaste sinode van de GKv in Harderwijk het byvoorbeeld benadruk dat daar duidelikheid moet kom m.b.t. die gereformeerde koers van gemeentestigtingsprojekte. Sy spreek van die 'inbedding' van die gereformeerde belydenis in die visie en missie van die gemeentestigtingsprojek. Ook insake ampte en sakramente. Die Sinode het ook opdrag gegee om die begrip 'gereformeerde identiteit' meer noukeurig in te vul en die gebruik daarvan by bestaande en nuwe projekte te bevorder. Beide hierdie opdragte is Bybels gefundeer, en noodsaaklik as die kerke wil toeneem in missionêre bewussyn.

Terselfdertyd bly die vraag belangrik hoe 'n Skrifgetroue kerk ontwikkel, veral as moeilike vrae op tafel kom. As byvoorbeeld vanuit die werksveld van stigtingsprojekte bepaalde sienings ontstaan wat vir wrywing kan sorg, waar en hoe kan die gesprekke daarvoor gevoer word? Hoe gaan kerke om met afsprake of reëlings wat nie altyd in nuwe situasies werk nie? Veral as daar nie rekening gehou word met nuwe soorte situasies en daar na redes of agtergronde gevra word vir bepaalde reëls en gebruike? Kortom, hoe gaan 'n kerk om met haar eie identiteit en die ontwikkeling daarvan in 'n pioniersituasie?

In sy artikel gee ds Haak die volgende advies:

Begin in die direkte omgewing met gesprekke tussen die projek, moederkerk, klassikerke en deskundige adviseurs. Laat die deelnemers aan die gesprek ook die werk(veld) van die stigtingsprojek besoek en nie slegs vanuit die vergaderlokale oor die projekte praat nie. Dit is belangrik dat hierdie gesprek ook plaasvind *tydens* die uitvoering van die werk.

Beskryf ook die identiteit van die kerk heel konkreet. Ook as 'n sendeling besig is met pionierswerk is dit belangrik om goeie uitgangspunte te hê wat te make het met die kern van kerk-wees. Byvoorbeeld:

- Kies vir verbondenheid, soos dit duidelik is in die stempel van Gods genade: die doop aan hulle wat tot geloof kom én hul kinders (gesinsdoop).
- Kies, ook al klink vir baie mense die woord 'preek' nie baie aangenaam nie, vir die Woordverkondiging en vir die kwalitatiewe handhawing daarvan.

- Kies, ook al merk jy buite en in jouself onverbondenheid, vir herkenbare betrokkenheid (kerkverband) by die inrigting van die (nuwe) gemeente.

Ds Haak sluit af deur te sê dat nie slegs gemeentestigtingsprojekte nie, maar elke gemeente baat sal vind by dergelike gesprekke oor haar eie identiteit. Bogenoemde artikel gee duidelik aan waarmee die GKv worstel in haar eie Nederlandse sendingsomgewing.

Miskien 'n idee om ook met die VGKSA/FRCSA (met haar groot kulturele verskeidenheid in die kerke) in gesprek te tree?

**Ds Axel Hagg** is predikant van die Gereformeerde Kerk (vrijgemaakt) Eemdijk, Nederland.

# *Ad hoc*-SINODE: Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (VGKSA) – Pretoria, 10 April 2012

## Persverslag

Op grond van besluite van Sinode 2011 van die VGKSA is 'n *ad hoc*-sinode saamgeroep met die doel om uitstaande sake af te handel insake die volhoubaarheid van die benutting van finansiële en mankragbronne deur die VGKSA se deputate Art. 11 KO (hulpbehoewende kerke), Art. 19 KO (hulpbehoewende studente), Kuratore (teologiese opleiding) en Sendingsdeputate (Handelinge van Sinode 2011, artikels 18, 22, 25, 26 en 29).

Sinode 2011 het vir dié doel 'n nuwe deputaatskap ingestel (Deputate vir Finansiële Herbeoordeling / Financial Review Deputies, verder FRD genoem) wat die mandaat gekry het om die voorbereidende werk vir die *ad hoc*-sinode te doen in samewerking met die hierbo genoemde deputate (Handelinge van Sinode 2011, art. 36 punt 19).

Die VGK Pretoria het op versoek van Sinode 2011 se moderamen, en met goedkeuring van die deur Sinode 2011 benoemde roepende kerk die VGK Bethal, as sameroepende kerk opgetree.

### Opening

Namens die kerkraad van Pretoria het ds JJ Drijfhout in sy openingstoespraak die woorde van Efesiërs 4: 1-6 aan die afgevaardigdes voorgehou: *Ek vermaan julle dan, ..., om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is, met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede...*

### Geloofsbriewe en Moderamen

Die afvaardigingsbriewe is ondersoek en korrek bevind. As moderamen is die volgende broeders verkies:

- voorsitter: ds HH van Alten
- ondervoorsitter: oudl C Roose
- skriba: ds PG Boon

Alle afgevaardigdes en aanwesige deputate het, op versoek van die voorsitter, hulle instemming met die Drie Formuliere van Enigheid betuig deur van hulle sitplekke op te staan.

### Verwelkoming deputate

Alle relevante deputaatskappe was verteenwoordig in die sinodevergadering. Die deputate is hartlik verwelkom. Van diegene wat as adviseurs genooi is om die vergadering by te woon, was niemand aanwesig nie.

### Werkswyse

Die sinode het besluit om met die behandeling van die verslag van FRD te begin, omdat dié verslag 'n oorkoepelende opsomming van die ander deputate se uitstaande en nuwe sake ingesluit het. Waar in dié verslag na spesifieke deputaatskappe verwys word, het die sinode dié deputate se verslae by die bespreking ingesluit en, vir sover moontlik, afgehandel. Op dié manier kon ook die ander deputateverslae binne die raamwerk van 'n totaalbeeld van die VGKSA se mankrag en finansiële situasie beoordeel en afgehandel word.

## Deputate Finansiële Herbeoordeling

FRD het d.m.v. kontakte met die ander vier deputaatskappe en ook deur middel van 'n Indaba die voorbereidende werk vir die *ad hoc*-sinode gedoen. In hul verslag is gestel dat die kort termyn doelstellings tot so 'n mate bereik is dat die *ad hoc*-sinode op grond daarvan sinvolle besluite kan neem vir die tydperk tot die volgende algemene sinode, DV in 2014. Lang termyn doelstellings is egter nie bereik nie en verdere aktiwiteite, met die oog op aanbevelings vir 'n lang termyn-strategie vir Sinode 2014, is aanbeveel. Sake soos betrokkenheid van hulpbehoewende kerke en betrokkenheid van nog nie-geïnstitueerde sendingsgemeentes binne die raamwerk van ons Godgegewe rentmeesterskap, meer dissipline by die hantering van finansies deur plaaslike gemeentes,

meer dissipline by die opstel van begrotings en toekenning van finansiële steun deur deputate, en gedifferensieerde gemeentelike bydraes op grond van verskil in finansiële drakrag is genoem as sake wat aandag verdien.

Die sinode het besluit om:

- die FRD te herbenoem met die opdrag om verder te werk aan 'n voorstel vir 'n volhoubare beleid insake finansies, mankrag en ander relevante sake, vir voorlegging aan Sinode 2014;
- om die naam van die deputaatskap te verander na Deputate Volhoubaarheid.
- die volgende voorgestelde verhogings van gemeentelike bydraes vir die jare 2012-2014 goed te keur:

Gemeentelike bydraes per siel (R)

Jaar	Sending	Art. 11	Art. 19	Kuratore	Kerkverb.	Totaal	% verhoging
2011	130	220	65	90	20	525	
2012	150	285	65	45	20	565	8
2013	175	295	80	45	20	615	9
2014	190	320	80	45	20	655	7

## Deputate Artikel 11 KO

Deputate het 'n opgedateerde verslag vir die *ad hoc*-sinode ingedien met nuwe aanbevelings insake hantering van finansiële ondersteuning vir hulpbehoewende kerke. Die sinode besluit:

- dat die plaaslike gemeente in beginsel vir die basiese lewensonderhoud van hulle predikant verantwoordelik is en dat slegs nie-basiese koste-items vir finansiering deur deputate in aanmerking kom;
- om die helfte van die jaarlikse bydraes vir deputate Kuratore vir die jare 2012-2014 aan deputate Art. 11 toe te wys.

## Deputate Artikel 19 KO

Deputate het 'n opgedateerde verslag vir die *ad hoc*-sinode ingedien met sekere nuwe aanbevelings vir die hantering van ondersteuning aan hulpbehoewende teologiese studente. Die sinode besluit:

- dat finansiële ondersteuning vir studente in die toekoms beperk word tot studieverwante koste-items;
- dat die nuwe beleid oor tyd ingefaseer moet word;
- dat vir finansiële ondersteuning van studente die volgende orde van ondersteuningsbronne gehandhaaf moet word: ouers, plaaslike gemeente, kerkverband (Dep. Art. 19 KO);
- dat slegs dié studente vir ondersteuning in aanmerking kom wat deur Deputate Kuratore goedgekeur is.

## Deputate Kuratore

Deputate het by hulle oorspronklike verslag aan Sinode 2011 gebly. Tydens die sinodevergadering is egter wel nuwe inligting verskaf wat 'n impak op die besluitvorming gehad het.

Deputate beskik oor aansienlike fondse wat in die toekoms moontlik benodig sal word vir die finansiering van nuwe opleidingsinisiatiewe, maar wat op hierdie stadium nie gebruik word nie. Een van die nuwe inisiatiewe waarby deputate betrokke was, die GTOI (Gereformeerde Teologiese Opleidingsinisiatief; in Engels RTTI), het volgens die nuutste inligting deur die mat geval. Dit wil dus voorkom of die fondse waarskynlik nie binne die volgende paar jaar benodig sal word nie.

Omdat deputate Art. 11 KO sukkel om aan hulle finansiële verpligtings te voldoen, het die sinode besluit om vir die oorblywende tydperk tot Sinode 2014 die helfte (R 45) van die voorgestelde bydraes vir deputate Kuratore aan deputate Art. 11 KO toe te wys.

## Afsluiting

Nadat die sinodesake in 'n goeie, broederlike gees bespreek en afgehandel is, sluit die voorsitter die *ad hoc*-sinode 2012 met dank aan ons hemelse Vader wat die afgevaardigdes en deputate deur sy Gees gelei het.

**Cees Roose** is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.



# CHRISTELIKE ROEPING in die STAD

## Deel 1: Augustinus se *Die stad van God*

### Samelewing

Die meeste lede van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (VGKSA) is stads- of dorpsbewoners. Ongeag of ons in Kaapstad of Soshanguve, Johannesburg of Mamelodi, Pretoria, Bethal of Belhar woon, is ons daaglikse bedrywighede onlosmaaklik verstrengel met die stadslewe. As sodanig maak ons deel uit van daardie helfte van die wêreldbevolking wat volgens skattings teen 2008<sup>i</sup> in stede of dorpe woonagtig was. Stede word om verskeie redes as gerieflik beskou, onder meer omdat onderwys- en werkseleenthede, gesondheidsorg en ander dienste, sosiale netwerke, winkels en vermaak maklik binne bereik is. Terselfdertyd kan stede plekke van intense konflik en twis wees, dikwels oor toegang tot hierdie en verwante geriewe. Stedelike konflik affekteer inwoners wat in verskillende areas in die stadsgebied woon op verskillende maniere, en konflikte is geneig om in spesifieke stedelike areas af te speel.



Aangesien die meeste van ons in stede of dorpe woon, wil ek in hierdie reeks van drie artikels nadink oor wat dit beteken om Christen in die stad te wees – anders gestel, hoe die stedelike kwaliteit van ons lewens 'n invloed kan hê op hoe ons as Christene lewe. Hoe kan of moet ons Christelike roeping 'n *stedelike* Christelike roeping wees, gesien die feit dat ons stadsbewoners is? Is daar enigiets omtrent 'die stedelike' wat die moeite werd is om oor na te dink, met die oog daarop om ons lewens van gelyktydige diens aan God en ons naaste te verbeter? Hierdie onderwerp is tegelykertyd wyd en spesifiek. Dit is wyd in dié sin dat dit betrekking het op enige Christen in enige stad regoor die wêreld. Dit is spesifiek in dié sin dat ons as lede van die VGKSA in stede woon wat kragtig gevorm is en steeds kragtig

gevorm word deur sekere idees en sosio-strukturele ontwikkelings wat min of meer eie is aan die Suid-Afrikaanse opset. In die besonder is daar die vorige regering se stedelike beplanningsmodel wat geskoei is op die ideologie van apartheid: die 'apartheidstad'-model.<sup>ii</sup> Ondanks die feit dat hierdie model nooit heeltemal suksesvol geïmplementeer is nie, en ten spyte van die demografiese en ander transformasies wat vandag plaasvind, is die stedelike gebiede wat ons bewoon nog tot 'n groot mate gevorm deur die idee dat dit beter is vir 'rasse van verskillende kulture' om apart van mekaar te lewe. 'n Mens kan sê dat die rasgebaseerde strukturele samestelling van Suid-Afrika se stede een manier is waarop die verlede vandag voortleef.


Hoewel hierdie 'n baie komplekse realiteit is, kan soortgelyke ingewikkelde sosiale verskynsels regoor die wêreld gevind word, en dit sou verkeerd wees om aan te neem dat Suid-Afrika in hierdie opsig uniek is. Inderdaad het verskeie vakkundiges binne plaaslike stadsbeplanningskringe al moeite gedoen om te wys op die ongeldigheid van die gevoel van die eiesoortigheid van Suid-Afrikaanse stede. Hierdie vakkundiges skryf vanuit 'wêreldse' gesigspunte om te demonstreer in watter mate Suid-Afrikaanse stede ooreenkom met beide derdewêreld-stede en die metropole van die Westerse wêreld.<sup>iii</sup>

Terwyl dit beslis insiggewend is, is hierdie poging nie voldoende vir Christene wat in die Bybel glo en gereformeerd dink nie. Selfs al is dit nuttig om stede in verskeie lande en op verkillende kontinente met mekaar te vergelyk, dwing ons Christelike identiteit ons om verder hieroor te besin in die lig van die Woord en ons geloof. Met die artikel se oorhoofse doel in gedagte wil ek dit in hierdie sowel as twee daaropvolgende artikels deur middel van drie besprekings probeer doen. Die eerste bespreking sal fokus op Augustinus se verhandeling *Die Stad van God* (waarmee hy in 423 nC begin het); die tweede op Tim Keller se artikel 'n Bybelse Teologie van die Stad' (2002); en die derde op 'n sosiale uitreikprogram en evangelisasie van Afrikaner-Christene in Pretoria se middestad. As geheel is die verskillende oorwegings veronderstel om sowel die breër as meer spesifieke roepings te belig wat betrokke is by Christen-wees in die hedendaagse stedelike Suid-Afrika.



## Agtergrond van *Die Stad van God*

Om Augustinus se *Die Stad van God* in konteks te plaas, is dit nuttig om te begin by die Apostoliese Era – die tydperk wat 'n aanvang neem rondom die tyd van Jesus se aardse bediening (30-33 nC). Tydens die Apostoliese Era was die Romeinse Ryk die groot wêreldmag, en het al die lande tussen die Eufraat, die Donau, die Ryn, die Atlantiese Oseaan en die Sahara-woestyn ingesluit. Die Ryk kon spog met 'n groot verskeidenheid inwoners en het die groot stede Rome, Alexandrië en Antiogië ingesluit. Hoewel die Romeinse provinsies swaar belas is, wil dit voorkom asof die staat oor die algemeen nie buitengewoon onderdrukkend was nie, en dit was die amptelike beleid van Rome om alle godsdienste met respek te bejeën.



Verskeie verse in Handeling 16 dui daarop dat die jong Christelike Kerk tydens die eerste aantal dekades wat op Jesus se kruisiging gevolg het, deur Romeinse amptenare beskerm is. Paulus het byvoorbeeld 'n suksesvolle beroep gedoen op sy regte as Romeinse burger (Hand 16, 22, 23), en is by meer as een geleentheid deur staatsamptenare beskerm teen oproerige skares (Hand 19, 22). Maar die relatiewe vryheid van onderdrukking deur die owerheid het nie lank geduur nie, en vakkundiges stem oor die algemeen saam dat vervolging deur die staat teen 64 nC 'n aanvang geneem het, en tydens die 2<sup>de</sup> en 3<sup>de</sup> eeue voortgesit is. Dit wil voorkom asof een rede vir die vervolging van die Christene was dat die Romeine die Christendom beskou het as 'n *superstitio*, 'n bygeloof. Terwyl die Ryk se beleid een van inlywing was – waarvolgens die gode van 'n nuut verowerde gebied bloot tot die Romeinse veelgodedom toegevoeg is – het die Christelike aandrag op geloof in 'n enkele God hierdie idee summier verwerp. Vir

die Romeine was die Christelike 'bygeloof' totaal in stryd met hulle idee van *pietas*, vroomheid, wat die 'behoorlike' aanbidding van die heidense gode behels het ten einde sosiale eenheid, lojaliteit teenoor die staat en die welsyn van stede te bevorder.<sup>iv</sup> Die mishandeling van Christene deur Romeinse heersers het tot 'n einde gekom toe Konstantyn (306-337 nC) aan bewind gekom het – die keiser wat daarvoor bekend staan as die eerste Romeinse heerser wat hom tot die Christendom bekeer het. Saam met medekeiser Licinius het Konstantyn die Edik van Milaan in 313 nC uitgevaardig, wat godsdienstvryheid geproklameer het en verder bepaal het dat Christene toegelaat moet word om sonder vervolging hulle geloof te beoefen. Teen die einde van die 4<sup>de</sup> eeu het keiser Theodosius 'n enkele Christelike leer as die amptelike staatsgodsdien vasgestel. Hierdie ontwikkelings het egter nie sonder teenspraak plaasgevind nie. Met betrekking tot die saak onder bespreking is die verwoesting van Rome in 410 nC een gebeurtenis waartydens konflikte oor die Christendom weer eens opgevlam het.

Die val van Rome in 410 is deur die inwoners en ander in die Ryk gesien as straf omdat hulle die 'tradisionele' Romeinse godsdienste laat vaar het ter wille van die Katolieke Christendom. In *Die Stad van God* skryf Augustinus hoofsaaklik oor hierdie interpretasie. Ten tyde van die verwoesting van Rome was Augustinus al vir langer as twintig jaar tot die Christendom bekeer en het hy die amp van Biskop van Hippo Regius (huidiglik Annaba, Algerië) beklee. *Die Stad van God*, wat oor 'n aantal jare geskryf is en uit 22 boeke bestaan,<sup>v</sup> word as een van hierdie filosoof-teoloog se belangrikste werke beskou.

## 'n Christelike Verhandeling oor die Val van Rome

Waar die verwoesting van Rome heidene 'n nuwe rede gegee het om die Christendom aan te val, het die gebeurtenis ook daartoe gelei dat Christene begin twyfel het aan die goedheid en betroubaarheid van die Here – 'n ontwikkeling wat illustreer in watter mate die Christelike geloof verstrengel geraak het met die burgerlike geloof van Rome. In reaksie hierop het Augustinus in *Die Stad van God* hom tot Christene sowel as nie-Christene gerig deur die geskiedenis van twee stede – die 'aardse stad' (verteenwoordig deur Rome/Babel) en die 'hemelstad' (die Nuwe Jerusalem, die Godstad) – vanaf die begin van die wêreld na te speur. Deur op hierdie twee stede<sup>vi</sup> te fokus, het Augustinus probeer om die Christendom se verhouding met wedywerende godsdienste en filosofieë te verduidelik, en om te beklemtoon dat, selfs al word die aardse regering van die Ryk bedreig, die Godstad uiteindelik sou oorwin.

In Hoofstuk 28 van Boek 14 onderskei Augustinus tussen die aardse en die hemelse stad deur daarop te wys hoe hierdie twee stede gevorm is deur "twee liefdes: die aardse deur die liefde vir die self, selfs tot op die punt van minagting van God; die hemelse deur die liefde vir God, selfs tot op die punt van minagting vir die self":

Die een lig sy kop op in sy eie eer; die ander sê vir sy God: "U is my eer, en die Een wat my kop oplig." In die een word die prinse en die nasies wat dit onderwerp, beheers deur die liefde vir oorheersing; in die ander dien die prinse en die onderdane mekaar in liefde...



Val van Rome

Terwyl die aardse stad roem op sy eie krag soos verteenwoordig deur sy heersers, word die hemelse stad nie deur menslike wysheid gekenmerk nie, maar deur godsvrug, wat "die verskuldigde aanbidding aan die ware God bied... sodat God alles in almal kan wees." In Augustinus se voorstelling is dit opvallend op welke wyse hy aandag skenk aan die stad – hetsy aards of hemels – as 'n plek van regering, van oorheersing. Beide die aardse en die hemelse stede is domeine vanwaar mense en plekke, of koninkryke (sien Nota 6), regeer en geadministreer word. Die verskil is dat in eersgenoemde geval aangeneem word dat dit die mens is wat daar heers, terwyl heerskappy in die tweede geval aan God toegeskryf word, wat ook die argitek en bouer daarvan is (Hebr 11:10).

Benewens dat hy die onderskeid tussen die twee stede verduidelik het, het Augustinus verder moeite gedoen om die implikasies hiervan vir die Christelike lewe op aarde toe te lig. In Hoofstuk 4 van Boek 15 het hy byvoorbeeld die aardse stad beskryf as een wat "teen homself verdeeld is" op grond van sy genieting van aardse dinge. Aangesien daar altyd konflik oor aardse goed – materiële dinge, maar ook ideologieë en filosofieë – sal wees, sal die aardse stad voortdurend in stryd gewikkel wees. Augustinus skryf:

Want [die aardse stad] begeer aardse vrede met die doel om aardse dinge te kan geniet, en dit maak oorlog ten einde hierdie vrede te verwerf... Wanneer die oorwinning dan behoort aan die party wat 'n meer regverdige saak gehad het, wie sal huiwer om die oorwinnaar geluk te wens en die vrede as wenslik te bestempel? Hierdie dinge is goeie dinge, en sonder twyfel geskenke van God. Maar as hulle die beter dinge van die hemelse stad verwaarloos... en hierdie goeie dinge van die huidige tyd so buitensporiglik begeer dat hulle glo dat dit die enigste begeerlike dinge is... – as dit dan so is, sal ellende noodwendig daarop volg en altyd vermeerder.

Augustinus se woorde dui daarop dat, terwyl die Nuwe Jerusalem voorlopig 'n saak (of plek) van hoop en afwagting bly, die stryd tussen die aardse en die hemelse voortduur binne en buite die wêreld se stede. So verwys hy in Hoofstuk 17 van Boek 19 na die hemelse stad as synde in 'n "staat van vreemdelingskap"; terwyl dit in hierdie toestand verkeer, "maak dit gebruik van die aardse vrede, en in so verre as wat dit kan, sonder om afbreuk te doen aan geloof en godsvrug, begeer en handhaaf dit algemene instemming onder mense ten opsigte van die verkryging van lewensnoodsaaklikhede." Vir Augustinus dan het die najaag van vrede, die bevordering van die regverdiger saak en die begeerte na algemene instemming onder mense neergekom op dinge wat van die Romeinse Christene as figuurlike inwoners van die hemelstad verwag is. Hulle moes dit uitvoer op grond van hulle geloofsroeping – ten spyte van en inderdaad bo en behalwe Rome se verswakte posisie.

### Gedagtes ter Afsluiting

Die voorafgaande bespreking het skaars geraak aan die oppervlak van Augustinus se verhandeling, waarin hy ook bespreek hoedat die aardse en hemelse stede ontstaan het en hoe dit deur die Skrif nagespeur kan word. Vir ons doeleindes is die hoofpunte wat in gedagte gehou moet word, eerstens Augustinus se uitleg van die onderskeid tussen die aardse en die hemelse stede/koninkryke, en tweedens die noodsaaklikheid van die erkenning van onself as lede van 'n "gemeenskap van vreemdelinge" (Boek 19, Hoofstuk 17) wat verteenwoordigend is van die hemelstad terwyl ons kortstondig in die aardse stad vertoef. 'n Laaste belangrike punt is die konteks waarbinne Augustinus *Die Stad van God* geskryf het en waarop dit 'n reaksie gevorm het – die val van Rome. Hoewel (oënskyklik) wêreldes verwyder van die sosiale werklikhede waarbinne ons vandag in Suid-Afrika en sy stede leef, moedig Augustinus se

werk ons aan om na te dink oor die betekenis en implikasies van ons Christelike roeping binne bepaalde omstandighede, en benadruk dit dat selfs al verskil ons leefwêreld, Christene oor tyd en ruimte heen saam deel uitmaak van die hemelse stad.

**Dr Mieke Boon** is lidmaat van die vrye Gereformeerde kerk Pretoria.

<sup>i</sup> Aangehaal op <http://www.unfpa.org/pds/urbanization.htm>.

<sup>ii</sup> Wat die 'apartheidstad' betref, sien bv. David Smith se geredigeerde boek *The Apartheid City and Beyond: Urbanization and Social Change in South Africa* (1992, Routledge).

<sup>iii</sup> Vir 'n oorsig oor hierdie benadering, sien Susan Parnell se essay 'South African Cities: Perspectives from the Ivory Tower of Urban Studies' (1997, *Urban Studies* 34[5-6]: 891-906).

<sup>iv</sup> LF Janssen, "'Superstitio" and the Persecution of the Christians' (1979, *Vigiliae Christianae* 33[2]: 131-159).

<sup>v</sup> 'n Opsomming van die 22 Boeke is beskikbaar op <http://www.newadvent.org/fathers/1201.htm>.

<sup>vi</sup> Augustinus se fokus op die twee stede het help aanleiding gee tot die ontstaan van die 'leer van die twee koninkryke.'

Hierdie leer onderskei tussen 'n Goddelike/geestelike koninkryk en 'n aardse/politieke koninkryk, en het baie teologiese debatte oor die aard van die verhouding tussen die twee tot gevolg gehad. Terwyl sommige stel dat dit beter is om te dink aan een koninkryk eerder as aan twee – een wat tans in onvolmaakte vorm bestaan, maar later by Christus se wederkoms tot 'n volmaakte koninkryk verander sal word – verdedig ander die idee dat hulle apart is, en dat die aardse koninkryk uiteindelik sal verbygaan. Hoewel ek nie die kwessie hier aanspreek nie, sal dit in die opeenvolgende besprekings ter sprake kom. Vir 'n kort besinning oor die twee-koninkryke-leer, sien Michael Horton, 'A Tale of Two Kingdoms' (2008, *Tabletalk Magazine*, beskikbaar op <http://www.ligonier.org/learn/articles/tale-two-kingdoms/>). Vir 'n meer omvattende hantering, sien David van Drunen se *Natural Law and the Two Kingdoms: A Study in the Development of Reformed Social Thought* (2009, Eerdmans) en Nelson Kloosterman se kritiese resensie van hierdie boek (2010, *Christian Renewal* 29[1]: 38-39, 42; 29[2]: 18-20; 29[3]: 18-21).

# Oor die GROOT DADE van GOD

- in ons eie taal

## Leer & Lewe

**Ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dae van God spreek. Handeling 2:11**

**Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers. Openbaring 5:9**

Wanneer die Heilige Gees uitgestort word, word die mens se taal ten nouste daarby betrek. Deur alles wat God doen en sê, openbaar Hy Homself aan die mens. Dit is van groot betekenis as by die uitstorting gesê word: Hoe hoor ons in ons eie taal die groot dae van God. Wat God in die Woord oor menslike woorde openbaar, is vandag vir ons nog steeds aktueel.

### God se opdrag sluit taal in

Ons kan kortliks die openbaringslyn aantoon en dan die betekenis vir vandag aantoon. In die begin het God die mens geskep en geseën met die duidelike opdrag om te vermeerder en oor die aarde te versprei. In Genesis 10 staan duidelik dat hierdie


patroon om die aarde te vul aan die hand van verskeie tale gebeur. Die geslagte het verdeel elkeen volgens sy eie taal. (Gen 10:4-5 : *En die seuns van Jawan was: Elísa en Tarsis, die Kittiers en Dodaniete – uit hulle het verdeeld geraak die kuslande van die nasies, in hulle lande, elkeen na sy taal, volgens hulle geslagte, in hulle nasies.*)

Die verdeling gee duidelik die beeld van vertakking. Trouens, dit is die naam van die man in wie se dae die mense na die sondvloed begin versprei het: Peleg (Gen 10:25). 'Peleg' beteken vertakking of skeure in die grond soos by 'n aardbewing. Hierdie gedagte sluit ook nou aan by die beeld van die boom van die lewe.

God wil dat die mensdom Hom as 'n eenheid dien en eer as die Skepper en Vader. Hy seën die mens en beveel hulle om regoor die aarde te gaan bly en werk. Hierdie verspreiding geskied na gelang van die groei en verskyning van verskeie tale. Na die sondvloed wil die mensdom nie aan die bevel van God gehoorsaam wees nie. Daarom staan daar aan die begin van Genesis 11: *En die hele aarde het*



*dieselfde taal gehad en een en dieselfde woorde. En toe hulle wegtrek na die ooste, vind hulle 'n laagte in die land Sínear; en daar het hulle gaan woon. Daarop sê hulle vir mekaar: Kom laat ons stene vorm en dit goed brand. Hulle gebruik toe die bakstene vir bousteen en die lymgrond vir klei. En hulle sê: Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik; en laat ons vir ons 'n naam maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie.” (Gen 11:1-3)*



### **In die mens se stad – slegs een wêreldtaal**

Deur slegs een taal te handhaaf, vind die mens nou die manier om die verspreidingsbevel van God teen te staan en aktief teen te werk. Hulle besluit om 'n stad te bou juis om nie oor die aarde verstrooid te raak nie. Hierin sien ons al die vroeë tekens van die opkoms van die anti-Christelike magte wat teen God versamel. Die mensdom wil in sy eie stad woon, wil sy eie naam laat groot wees, wil sy eie wil handhaaf – daarvoor is een wêreldtaal 'n kragtige instrument. Nie net aan die begin van die mensdom se geskiedenis by die skepping en na die vloed openbaar God iets oor taal nie. Hierdie openbaringslyn gaan deur tot in die hemel. Aan die einde van hierdie aarde se geskiedenis vind ons weer iets oor taal, maar nou word dit in die meervoud genoem: volke, tale en nasies (vgl. Openb 7:9, 10:11, 11:9, 14:6 en 17:5). Die stryd wat die satan, die antichris en die valse profeet teen God voer, word juis ook voltrek op die terrein van die menslike taal.


God se uitverkiesende liefde voer egter die bo-toon. In en deur Jesus Christus red en verlos Hy dié wat aan Hom behoort. God red egter nie net individue nie. So leer God se verbond ons duidelik. Ook volkere, tale en nasies kry deur hulle uitverkore gelowiges deel aan die roemryke verlossing van God. So verkondig Paulus duidelik aan die Efesiërs: *Aan my, die geringste van al die heiliges, is hierdie*

*genade gegee om onder die heidene die evangelie van die **onnaspeurlike rykdom** van Christus te verkondig, en vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus, sodat nou deur die gemeente aan die owerhede en magte in die hemele die **menigvuldige wysheid** van God bekend gemaak kan word, volgens die ewige voorneme wat Hy opgevat het in Christus Jesus, onse Here, in wie ons die vrymoedigheid en die toegang het met vertroue deur die geloof in Hom. (Efes 3:8-12)*

### **Veelvuldige wysheid van God**

Die kritiese vraag is nou: waarom vind ons aan die begin en aan die einde van die mens se aardse geskiedenis in die Woord-openbaring hierdie lyn oor die menslike taal? Waarom is dit een van die terreine wat die satan juis in sy diens probeer stel om die koms en die wederkoms van Christus teen te werk? Wat sit daar in die menslike taal wat vir satan so aanloklik is en waarom stel hy alles in werking om tale (in die meervoud) teen te staan?

Die antwoord vind ons by die uitstorting van die Heilige Gees. Die beeld van die vuurtongee gee reeds die aanduiding. Letterlik staan daar “verdeelde tonge soos van vuur”. Hierdie woord “verdeel” het die betekenis van gesplete hoewe. Nou word iets wonderliks duidelik. Na die sondvloed stel God die rein en onrein verdeling van die diere en die offers in (Gen 7:1, 8:20). Sy bedoeling daarmee is onder andere om die mens te herinner dat, alhoewel daar die rein en onrein verdelingslyn loop, ook onder die mensdom, was dit nie God se oorspronklike bedoeling nie. In die begin was en is dit nog steeds God se wil dat alle mense God moet loof en prys, dat alle mense – regoor die wêreld – hulle dienswerk in dank aan God die Skepper moet verrig. God handhaaf hierdeur sy oorspronklike bedoeling wat Hy selfs in die Levitiese wette vasgestel het.



*Alles wat onder die diere gesplitste kloue het, en wel heeltemal gesplitste kloue, en herkou – dit mag julle eet. Maar die volgende mag julle nie eet nie van die wat herkou en van die wat gesplitste kloue het: die kameel, want hy herkou, maar het geen gesplitste kloue nie – onrein is hy vir julle; en die das, want hy herkou, maar het geen gesplitste kloue nie – onrein is hy vir julle; en die haas, want hy herkou, maar het geen gesplitste kloue nie – onrein is hy vir julle; ook*

*die vark, want hy het gesplitste kloue, ja, heeltemal gesplitste kloue, maar hy herkou nie – onrein is hy vir julle. (Lev 11:3-7)*

Die breuk wat die sondeval tussen God en mens en die mense onderling gebring het, kan alleen deur Jesus Christus en sy Gees herstel word. God herstel sy oorspronklike bedoeling. Dit word baie duidelik by die uitstorting van die Heilige Gees. Daarom staan daar: hoe hoor ons hulle – in ons eie taal – oor die groot daad van God spreek. Die bestaansreg van 'n taal is dus gekoppel aan sy waarde om God groot te maak.

### **Wat sê dit vir vandag**

Uit hierdie openbaringslyn leer ons baie dinge wat uiters belangrik is vir die tyd waarin ons leef. Ons noem 'n paar dinge op:

- Die mensdom is uit een bloed gemaak (Hand 17:26). God wil dat die hele mensdom Hom dien en eer.
- Hy wil dat hierdie verering deur verskeie tale gebeur. Die rede daarvoor is omdat God se daad en sy wonders, sy Naam so groot en lieflik is dat een mens, of een taal, of een volk te min en te klein is om dit ten volle na waarde te verkondig. Die veelvuldige wysheid van God vereis dat tale in sy diens staan om Hom groot te maak en te prys.
- Na die kruisiging en veral na die uitstorting van die Heilige Gees wil God aktief tale in sy diens gebruik om sy koninkryk te laat kom. Daarvan is die sendingsbevel 'n duidelike voorbeeld (Matt 28). Daardeur handhaaf God sy oorspronklike bedoeling aan die begin. God laat die werke van sy hande nie vaar nie.
- 'n Taal se waarde is nie geleë in homself nie. Een taal is nie noodwendig beter as 'n ander taal nie. 'n Taal se waarde is geleë daarin dat dit diensbaar aan God se eer is. *(In dié dag sal daar vyf stede in Egipteland wees wat die taal van Kanaän spreek en by die HERE van die leërskaer sweer; een sal genoem word: Stad van verwoesting. In dié dag sal daar 'n altaar wees vir die HERE binne-in Egipteland en 'n gedenksteen vir die HERE by die grens, Jes 19:18).*
- As ons dus 'n kunstefees in Afrikaans bywoon, dan is dit nie om God se Naam te vloek en skel in 'n toneelstuk nie, maar dat God geëer moet word deur alle monde. Die stryd oor God se eer loop juis regdeur 'n taal se bestaan.
- God wil nie een wêreldtaal hê nie. Die openbaringslyn is baie duidelik. Ons moet ons daarom daarteen uitspreek as groter tale (soos Engels of Mandaryns, ens.) kleiner tale verdring en bedreig. Dan kom God se eer ook op die spel. Hy wil sy groot daad deur elke taal laat bekend maak. Hy handhaaf die lyn tot reg voor sy troon in die hemel. Ons mag nie op aarde meedoen aan iets wat sy eer op die spel plaas nie.
- 'n Taal mag nie homself verheerlik in nasionalisme of ander mense se tale afkraak en verkleineer deur rassisme nie. In Christus is daar plek vir almal wat aan God behoort. As God se grootheid en majesteit dit eis, dan moet elke taal rein word voor God in Christus. Die tong is 'n vuur wat 'n groot hoop hout aan die brand kan steek. 'n Taal kan ook die draer van haat tussen mense wees. Dit moet 'n Christen altyd uitwys en afwys.
- Daar is tans 'n tendens onder gereformeerde teoloë wat meen dit dien die sending juis om Afrikaanse eredienste af te skaf en te vervang met Engels. So het die onlangse Vrystaatse sinode ook besluit om voortaan net Engels op kerklike vergaderings te praat. Dit is uiters kortsigtig en gevaarlik. Die kerk van die Here mag nie meehelp om een of ander taal se plek te verminder en te ondergrawe nie – juis nie in die erediens nie. Dis juis in die erediens waar God in elkeen se taal sy lof besing wil hoor. Hierdie denkfout moet spoedig reggestel word, want die uiteinde daarvan gaan wees dat die kerk in die beskuldigdebank gaan staan omdat hy die skeppingswerk van God teenstaan en juis so die verspreiding van die evangelie – en die doel daarvan, nl. God se eer – ondergrawe.
- Ten slotte is dit vir Christen-onderwysers krities belangrik om hierdie punt van veeltaligheid en moedertaal-onderdig te ondersteun en uit te bou. Tans voer Engels die botoon in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. Dit dien nie die uitbreiding van die evangelie in die skole die beste nie. God wil dat elkeen kan sê: hoe hoor ek – ook in die klaskamer – die groot daad van God in my eie taal.
- Verder wys God aan dat daar 'n duidelike begrensing tussen taal en woonplek is. As jou taal verdwyn, verdwyn die grens van jou blyplek ook. Hierdie aspek kan en moet juis in hierdie tyd weer verder aandag geniet – veral onder die jongmense wat so graag hulle taal vermeng met ander tale. Ook dit het met God se eer en voorsienigheid te maak.

Ons kan dus net uit hierdie paar kort lyne sien dat die kwessie dat menslike taal met God se eer te doen het, nie vergeet mag word nie.

Mag die Here gee dat ons gemeente in hierdie opsig noulettend sal wees en uit dankbaarheid ook die taal wat God oor ons beskik het, tot sy eer sal praat en uit die satan se hande sal hou. Dit kan ons alleen in Christus doen, as ons vervuld met sy Gees ons tonge in sy diens wil stel.

So word die profetiese oproep in Psalm 150 vervul: Laat alles wat asem het, die HERE loof! Halleluja!

*Dr Wikus Buys is predikant van die Gereformeerde Kerk Pretoria.*

[Die Redaksie is bewus van verskillende menings oor hierdie saak, onder andere br Harry Pouwels se artikel in die November 2011-uitgawe van *Kompas*. Meerdere bydraes hieroor sal waardeer word.]

# GELOOF en WETENSKAP

## Wetenskap & Tegnologie

### Lewens- en wêreldbeskouing

Vanuit 'n reformatoriese en Bybelse lewens- en wêreldbeskouing het ons die taak om te ondersoek, te ontdek en toe te pas, om te bewerk, bewaak en bewaar (Gen 2:15), en te benoem (Gen 2:19). Die mens begin in die tuin van Eden (die paradys), 'n natuurlike omgewing en 'n volmaakte ekologiese sisteem, wat hy moet ontwikkel en waarvoor hy moet heers tot eer van God sy Skepper (Gen 1:28).

Wat is 'n reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing? In die vorige artikels het ons gesien dat 'n beskouing, naamlik hoe ons dink die wêreld daaruit sien, gevolge het vir ons optrede, denke en besluite. Is daar so iets soos wetenskapsbeoefening vanuit 'n reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing? Kan ons wetenskap beoefen met die Woord van God as basis en uitgangspunt? Ons het gesien dat die evolusieteorie die basis vorm vir 'n wêreldbeskouing wat uitloop op 'n groot menslike katastrofe, die idee van 'n super-ras.

Voorbeelde van stryd – is evolusionisme 'n nuwe vraagstuk?

Is die onderwerp evolusie eintlik so uniek? Dit beskryf die sogenaamde ontstaan van alle lewe uit nie-lewende materie en dat een primitiewe lewensvorm die volgende hoër vorm van lewe deur gunstige mutasies oor miljarde jare laat ontstaan. Is dit 'n nuwe siening wat in die jaar 2012 die basis vorm van 'n nuwe wêreldbeskouing waarvoor daar verskil van mening is? Ons dink partykeer dat al vandag se vraagstukke en stryd nuut is. Ons leef immers in die 21ste eeu met al sy vooruitgang in wetenskap en tegnologie! Die teendeel is egter waar.

Ou Griekse filosowe het reeds hierdie uitgangspunt beskryf en volgens Rihana Botha, bioloog en betrokke

by Arso, was volgens historiese bronne Anaximander (610-546 v.C.) die eerste filosoof wat hierdie denkwysse beskryf het. "Al wat Darwin gedoen het, was om 'n aanvaarbare meganisme vir evolusie, nl. natuurlike seleksie, aan 'n wagtende wêreld voor te stel." (lesing: Aanbieding van biologie op skool met spesifieke verwysing na evolusie – Life 321: Leereenheid 4 – Evolusie, Rihana Botha). Veertig jaar gelede het 'n boekie verskyn van 'n sekere ds D J Couvee: *Mag het? – teen het evolusie dogma* (1970). In sy voorwoord vertel hy dat, toe die afstamming van die mens in 'n vergadering van gereformeerde akademici ter sprake gekom het, al die aanwesiges aanhangers van die evolusieteorie was. Daar was selfs een bioloog wat gestel het dat predikante wat teen evolusie is, nie voldoende kennis het nie. Dit het ds Couvee genoop om hom in die materiaal in te grawe en die boekie te skryf terwyl hy reeds 80 was. Ds Couvee is in 1889 gebore, sewe jaar na Darwin se sterfdatum, 1882. Ander bekende gereformeerde skrywers het ook reeds oor die onderwerp geskryf, nog lank voor ds Couvee, soos dr A Kuyper: *Verflauwing der Grenzen* (spesifiek oor evolusie) en JH Bavinck: *Wijsbegeerte der Openbaring*.

### Reformasie en Calvin

As dit verkeerd gaan in die kerk, word dikwels terugverwys na Calvin en die Reformasie as voorbeeld van hoe die kerk weer in die regte spoor moet kom - met die Woord as enigste basis. Die priesteramp en ander kerklike ampte is deur die Roomse kerk as van 'n hoër orde as dié van bioloog of enige ander vakgebied gesien. Die Reformasie bring verandering hierin. Calvin is van mening dat 'n bioloog of enigiemand wat met plante werk (dit het my nogal aangespreek) ook met Godsopenbaring besig is (dink hierby aan NGB art 2 en Rom 1:19).



Dit het die weg gebaan vir die ontwikkeling en stimulering van veral die natuurwetenskappe, aldus prof Herman Selderhuis (CD's 2009 uitgegee t.g.v. die Calvin-herdenkingsjaar: *Die invloed van Calvin op Nederland*).

Volgens Calvin is rente ook 'n manier om jou inkomste te verdien, dit is dus ook 'n eerbare werk, ten minste as dit op 'n eerbare manier beoefen word. Dit het vir baie mense aantreklik gelyk dat hulle nou ook ten volle hulle beroep kon uitoefen en dat nie net die priesters met 'n Goddelike opdrag besig was nie. Dit het die weg gebaan vir 'n nuwe reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing.

Volgens Herman Selderhuis het mense soos Hendrik de Cock van Ulrum juis op grond van Calvin se gereformeerde leer die suiwere Woord- en sakramentsbediening, die handhawing van tug en belydenisskrifte verdedig. Dit het aanleiding gegee tot die Afskeiding van 1834. Belangrik vir ons is dat ds Dirk Postma uit 'n gemeente van die Afskeiding gekom het. Abraham Kuyper het vyftig jaar later gestry teen die vrysinnigheid wat die kerke bedreig het. Dit het aanleiding gegee tot die Doleansie van 1886. Kuyper het die Vrye Universiteit van Amsterdam as 'n Calvinistiese bolwerk teen die vrysinnigheid gestig. Ds Dirk Postma was ook 'n stigterslid daarvan en Totius (JD Du Toit) was een van die eerste Suid-Afrikaners wat daar afgestudeer het.

Waarom het Kuyper 'n nuwe universiteit gestig? Waarom is die Universiteit van Potchefstroom gestig? Waarom is daar Gereformeerde skole soos Johannes Calvin (Pretoria), Bellville (Kaapstad), Dirk Postma (Pretoria) opgerig? Die Vrye Universiteit van Amsterdam het na die Tweede Wêreldoorlog totaal vrysinnig geraak en het dus die rede vir sy stigting verloor. Het dieselfde nie ook met die Universiteit van Potchefstroom gebeur nie? Sy naam CHO (Christelike Hoër Onderwys) het verval en talle vrysinnige geluide word daar gehoor. Het dit weer tyd geword om 'n nuwe reformatoriese universiteit op die been te bring? Dit het alles met die reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing te doen.

### Christelike wetenskap

In die boek met die pragtige titel *Tijd voor de ewigheid* bespreek die skrywer, Ad Vlot, die invloed en die plek van die tegniek (of anders gestel: al die tegniese hulpmiddele en geriewe wat ons vandag gebruik). Die verhouding tussen wetenskap en tegniek word bespreek en hy stel die vraag of dit moontlik en nodig is om 'n aparte Christelike wetenskap te beoefen. Hy sê, en ek vertaal dit in

Afrikaans: "Die kerk van die Reformasie het die terrein van die natuur, van die gewone en die alledaagse lewe weer onder Christus se regering gebring." Verder ook: "Religie en die rede staan nie langs mekaar nie, maar ons geloof bepaal die wetenskap in die lyn van Calvin, Kuyper, Schilder, ens." (2002:128). Volgens hierdie uitgangspunt wil ons dus Christelike wetenskapsbeoefening op ons geloofsoortuiging fundeer. En dit behoort dieselfde te wees as dit waarvoor die Reformasie gestaan het. Ons kan dus 'n aparte wetenskap beoefen, sterker gestel, ons moet 'n eie wetenskap beoefen. Die skrywer vra ook die vraag of al daarin geslaag is. Ongelukkig het uiters min hiervan tereg gekom. Daar bestaan nie iets soos 'n neutrale wetenskap nie, omdat "dit opgebou is vanuit 'n bepaalde wêreldbeeld en gerig is op 'n bepaalde tipe toepassing" (Vlot, 2002:128).

Hierdie wetenskapsbeoefening vanuit 'n reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing moet verder uitgewerk word. In die leerplan word daar baie duidelik voorgeskryf dat sekere verskynsels in die konteks van evolusie verklaar moet word. Is dit dan genoeg om dit net krities te bespreek of roep dit om 'n totale nuwe benadering vir die bestudering van alle wetenskappe? Is die antitese nie al duidelik genoeg nie?

**Frank van der Kooy** het oor verskeie jare as gelowige wetenskaplike in natuurbewaring en later omgewingstudies gewerk. Deur gesprekke met ander wetenskaplikes het hy die sogenaamde konflik tussen geloof en wetenskap in verskeie vertakkinge van die wetenskap ervaar. Hierdie artikel is die laaste in 'n reeks van 6 wat oor Geloof en Wetenskap handel.



★ **UITMUNTENDE KWALITEIT KOFFIE**

BESTEL DIREK VIR GENOT  
TUIS OF OP KANTOOR  
WWW.PIERRELOTTI.CO.ZA

**08600-COFFEE**

# PRAAT met TEENSTANDERS?

## In Pers-pektief

*Die Burger* en ander koerante van 8 Mei 2012 berig dat verteenwoordigers van Afrikaanse organisasies, akademië en kerkleiers deur die ANC genooi is vir 'n gesprek op dié dag in Sandton oor "die vervreemding van die Afrikaanse gemeenskap van die ANC". Die ANC-man wat die uitnodiging gerig het en die vergadering georganiseer het, is Renier Schoeman, leier van die ANC se program vir die bevordering van 'n inklusiewe Suid-Afrika.

Die koerante-nuus hiervan was veral dat twee Afrikaanse organisasies die uitnodiging afgewys het, te wete die vakbond Solidariteit en die FAK (Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings).



Die vermoede was dat die ANC 'n verskuilde agenda het met die vergadering en die leiers wil gebruik om 'n strategie te bedink om Afrikaanssprekendes na die regerende party te lok. Schoeman het op dié dag bontgestaan om die genooies te oortuig dat dit 'n "onskuldige gesprek" sou wees.

Die vraag wat daarna wyd bespreek is op die sosiale netwerke, is of jy met jou politieke "teenstander", op sy uitnodiging en met sy agenda, moet gaan praat al dan nie. Daarvoor 'n paar opmerkings vanuit 'n (dalk naïewe) Christelike oogpunt.

### Kommentare

Volgens Schoeman is die vergadering deel van 'n betekenisvolle dialoog wat die ANC al twee jaar lank met Afrikaanssprekendes en ander minderheids-groepe voer. "Dit beteken nie ons dink die mense wil almal die ANC help nie. Dit is 'n belaglike afleiding om te maak; hoekom sal ons dít dink?" Volgens Schoeman het 19 organisasies en talle individue die uitnodiging aanvaar en sou dit deur ongeveer 70 mense bygewoon word.

Die NG Kerk is een van die genooide organisasies. Op hul webwerf verklaar hulle dat hulle "al meermale deel (was) van sulke geleenthede wat deur die ANC geskep is om met die 'Afrikaanse gemeenskap' in gesprek te tree. Dit het elke keer voor groot verkiesingsgeleenthede gebeur. Dit was openhartige gesprekke. Tydens een daarvan het die ANC slegs

vrae gevra en aantekeninge gemaak. 'n Mens het die idee gekry dat die lede van die kerklike afvaardiging se opmerkings (beide positief en krities) ernstig opgeneem is. Selfs verskonings is gehoor oor sake soos die hantering van die Zimbabwe-tragedie." "Dit het egter niks verander nie. Trouens, vandag is daar groeiende skeptisisme oor die ANC se bestuur van die land – waarvan die ernstigste kritiek waarskynlik die volgehoue dreigemente is om veranderinge aan die Grondwet aan te bring ter wille van die 'tweede oorgang' van die land se demokratiese ontwikkeling. Ons sal graag wil saampraat, maar sal die ANC regtig luister?" Aldus die kommentaar van die NG Kerk wat wel die vergadering bygewoon het.

**Dr Dirk Herman,** uitvoerende adjunkhoof van Solidariteit, het gesê die uitnodiging was misleidend en hulle het besluit om nie te gaan nie. Solidariteit "stel belang in 'n proses om oplossings te vind en nie om werwings-agente te wees nie. Hulle kan nie een dag in gesprek wil tree as hulle die vorige dag ons kulturele erfenis verder aftakel nie. Hulle kan nie 'n deelnemende stem van minderhede wil hê, maar hulle in 'n permanente posisie van diskriminasie plaas deur onbillike regstellende aksie nie."



Hoewel sommige genooies gesê het hulle is skepties oor die vergadering, het Jan Bosman, hoofsekretaris van die Afrikanerbond, Paul Colditz, hoof van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole, en dr Michael le Cordeur, voorsitter van die Afrikaanse Taalraad, gesê hulle sal daar wees. Hulle is "nie te vinde vir enige 'politiekery' nie en sal geensins die regerende party met stemwerwing help nie."

Max du Preez, politieke ontleder (en teleurgestelde voormalige ANC-ondersteuner), het gesê "die vergadering is nie 'n slegte idee nie, aangesien dit die ANC kan help om sy karikature van Afrikaanse mense te oorkom. Maar as dit 'n poging is om Afrikaanse mense te oorreed om vir hulle te stem, dan mors hulle hul tyd. Jy kan dit nie in 'n gesprek regmaak nie, dit moet met beter regering en met daad reggemaak word."

## Beoordeling

Dit blyk dat die meeste Afrikaanse organisasies skepties is oor die oogmerke van die ANC met hierdie vergadering. Die uitnodiging gaan uit van 'n politieke party, die ANC, en dus nie van die regering nie (hoewel dit partykeer moeilik is om hierdie twee van mekaar te onderskei). Hieruit kan 'n mens inderdaad aflei dat die primêre oogmerk van die vergadering gerig is op politieke voordeel. As die vergadering deur die regering saamgeroep sou wees, dan was die verhouding op die vergadering dié tussen owerheid en 'n groep van sy onderdane. Dan sou daar beslis meer klem uitgaan van die uitnodiging om dit aan te neem.

Maar om betrokke te raak by die belange van 'n politieke party, maak mense wat hulle nie simpatiek gesind is nie, wantrouig. As die uitnodiging deur die DA, die IVP of die ACDP gemaak was, sou 'n aanvaarding of afwysing van die uitnodiging dalk nie eers die pers gehaal het nie. Die ANC se doen en late dra dus meer gewig by die nasionale nuus as dié van ander politieke partye (omrede hulle die regering vorm en ANC-beleid dus in baie gevalle regeringsbeleid word).

Dit is egter onwaarskynlik dat die ANC so naïef is dat hulle meen om deur hierdie vergadering insette te kry om stemme van Afrikaners by die volgende verkiesing te lok. Hulle behoort die menings van Afrikaners oor die ANC en die regering goed te ken uit die koerante en regsake. Wat hulle moontlik wel kan bereik, is om deur vriendelikheid teenoor en luister na die Afrikaanse gemeenskap 'n minder negatiewe gesindheid teenoor hulle te bewerkstellig.

Uiteindelik betref 'n gesprek met die ANC dus die landsbelang, omdat hulle die politieke mag in die land het en die nasionale regering vorm. Na die skrywer se mening moet hierdie oorweging swaarder weeg as gevoelens van onbehae oor die beleid en uitvoering van 'n politieke party. Elke bietjie positiewe invloed wat jy op die belange van die land en sy burgers kan uitoefen, moet jy benut, ook al stem jy nie saam met die regeringsparty se politieke beginsels en die uitvoering daarvan nie.

In die Bybel word gelowiges opgeroep om altyd bereid te wees om van hulle geloof (hoop) rekenskap te gee (1 Petr 3:15). Nogtans sluit baie Christene vinnig die deur as daar Jehova-getuies by die voordeur staan, want, sê hulle: "jy moet nie jou pêrels voor die varke gooi nie" (Matt 7:6). Blykbaar is daar dus wel beperkings aan die "altyd bereid wees". As daar sekerheid is dat jou getuienis verwerp word en beslis geen invloed het nie, kan jy daarvan verskoon word.

In 'n gesprek met die ANC gaan dit nie regstreeks oor "rekenskap gee van jou geloof" nie. Maar baie Afrikaanse organisasies beroem hulle, eksplisiet of implisiet, op Christelike beginsels, wat hulle in hul onderskeie organisasies in praktyk bring. Veral die genooide Afrikaanse kerke, soos die NG Kerk, kan getuienis gee van belangrike Christelike beginsels vir die politiek en die landsregering, eerder as om te stry oor die uitvoering van praktiese sake. Solank die ANC luister, moet jy bereid wees om dit te doen. As jy jousef as 'n Christelike organisasie beskou, en jy bou die belange van jou organisasie op Christelike beginsels, dan moet jy ook steeds bereid wees om rekenskap te gee van jou oortuigings aan ander partye.


Maar as jy slegs 'n belange-organisasie is, sonder noodwendig Christelike uitgangspunte, dan is daar geen noodsaak om jou belange aan ander te verduidelik as jy geen voordeel vir jou daarin sien nie. Op hul webtuistes meld Solidariteit niks oor Christelike beginsels as vakbond en die FAK oor Christelike uitgangspunte by die beoefening van kultuur nie. Dit lyk of hulle net belange-organisasies sonder ideologiese beginsels is. 'n Mens kan dus verstaan dat hul eie belange die deurslag gee by uitnodigings tot gesprekvoering.

Tog is dit moeilik om te glo dat hulle net vakbond of kultuur-organisasie is. Want uit allerlei toesprake en gepubliseerde standpunte blyk dit dat hulle hul taak baie breër sien as net vakbond of kultuur. Die leiers van Solidariteit doen gereeld politieke uitsprake en wil blykbaar wel 'n rol speel in die landspolitiek (trouens net soos Cosatu deur sy affiliasie met die ANC). En hierdie uitsprake word, blykbaar met instemming, aangehaal op die FAK webwerf. Is die FAK dan die kultuurtak van Solidariteit?

As jy politieke oogmerke het, dan moet jy, na die mening van die skrywer, ook bereid wees om dit (weer eens) aan die regerende party oor te dra of met hulle te bespreek. Daardeur sal jy voorkom dat jy (as Afrikanergemeenskap) verder gemarginaliseer word en sal jy meewerk aan "die bevordering van 'n inklusiewe Suid-Afrika". Dit is dan blykbaar wel die strewe van die ANC, maar dit bly 'n lofwaardige strewe, ook vir die breë Afrikanergemeenskap, al gaan dit met moeite. Afrikaner-organisasies moet nie polarisasie in die land bevorder nie en die Afrikaanse gemeenskap moenie vervreem van Suid-Afrika nie. Dit is in stryd met Christelike beginsels.

**Hans Moes** is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.


# BOEKENUUS



## Spiritual Order for the church - C Bouwman

Hierdie boek skets aan die hand van die Bybel hoe Christus se kerk op aarde regeer of gereël moet word. "The ascended Saviour is Head of the Church. People, then, may not regulate matters in Christ's Church as they see it. Instead (as the Belgic Confession has it), 'we believe that this true Church must be governed according to the Spiritual order which our Lord has taught us in His Word'."

(274 bladsye - R175)



## Die groot diamantroof - VE d'Assonville

Dit is die tragiese geskiedenis van die Oranje-Vrystaat se diamantvelde - die rykste in die wêreld. Kimberley en sy omgewing was vroeër Vrystaatse grondgebied. Met die Bloemfontein-konvensie op 23 Februarie 1854 het Groot-Brittanje die republiek se grense "tussen die

Oranje- en die Vaalrivier" bevestig. Toe daar egter in 1870 diamante op die Vrystaatse plaas *Vooruitzicht* (vandag die plek van die "Groot Gat") ontdek is, het Brittanje sy eie dokument van 1854 opgeskeur... Lees van die ontsettende bedrog, die ongelooflike skelm metodes, die verregaande grensverskuiwing in die geheim, die blatante omkoop van die Griekwa-leier en die bedenkbare optredes van die Engelse politici.

(116 bladsye - R130)




## De kunst van het loslaten - W G Rietkerk

Om jou lewe en die verloop daarvan, uit hande te gee, is moeiliker as wat 'n mens dink. 'Om los te laat' is 'n leerproses en die kern van geestelike groei. In 'n oop gesprek met oosterse mistieke denkers en postmoderne denkers dui die skrywer aan wat die Bybel ons

leer oor 'loslaat': 'n ware kuns vir westers-denkende mense wat van nature graag alles onder beheer wil hê en hou. Die tweede deel van die boek bestaan uit 'n diepsinnige studie oor die lewe van Jakob. Hy mog, deur val en opstaan, leer om sy bestaan in God se hande te lê. Studie- en gespreksvrae is by die boek ingesluit.

(R 165)



## Een is ons Meester - Rob Visser

Hierdie boek is saamgestel uit 'n versameling lesings en artikels wat gehou is of verskyn het in die tyd toe ds Visser die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika mog dien. Die eerste sewe hoofstukke handel oor etiese

vraagstukke en is op simposiums vir medici aangebied. Aborsie, bloedoortappings, eutanase, die verband tussen beskawing en lykverbranding is o.a. sake wat aangespreek word. Hoofstukke 8 tot 12 is meer gerig op die direkte bestudering van God se Woord en die weerlegging van dwaalleer. Hier vind ons temas soos: Wie is Satan?, Is die Bybel nog God se Woord?, Is die profesie van Christus in die Ou Testament altyd direk Messiaans?, Spangenberg se wetenskaplike hoogmoed, ens. Hoofstukke 13 tot 17 is veral op die leer van God se Woord en die kerkreg gerig: Kerk en verskeidenheid - Kerk en verskeurdheid, Tug, Wedergeboorte en bekering, Bedien die Woord in die erediens!, en ten slotte: **Een is ons Meester.**

"Deur sy Woord wys Christus ons die regte pad op alle terreine van die lewe." Die tema van die eerste hoofstuk van die boek is dan ook: **Skrif en kultuur!**

(226 bladsye - R 135)

**Bogenoemde boeke is verkrygbaar / kan bestel word by:**

[www.folmerboek.com](http://www.folmerboek.com)

### Folmer Boekhandel (Kaapstad)

Proteaweg 95, Proteahoogte, Brackenfell, 7560

Tel: 021 982 1402

e-pos: [eendenkooi@telkomsa.net](mailto:eendenkooi@telkomsa.net)

### Folmer Boekhandel (Pretoria)

Laseandrallaan 115, Môregloed, 0186

Tel: 012 333 8064

epos: [folmerpta@telkomsa.net](mailto:folmerpta@telkomsa.net)

### Petro Drijfhout

[folmerboek@telkomsa.net](mailto:folmerboek@telkomsa.net)

Tel/faks: 012 543 3597



# CHRISTUS – ons EWIGE RUS (2)

## Gesin & Opvoeding – vir die jonger jeug

In die kerk is daar 'n aantal feesdae wat ons elke jaar vier, soos bv. Kersfees. Verlede maand het ons gesien dat daar in die Ou Testament ook feesdae was. Ons lees van hierdie feeste in Levitikus 23. Die feeste is die Pasga, die fees van die ongesuurde brode, die fees van die eerstelingsgerf, die Pinksterfees, die fees van die basuine, die Groot Versoendag en die Loofhuttefees. Ons het toe gesien dat Christus die Pasga, die fees van die ongesuurde brode, die fees van die eerstelingsgerf en die Pinksterfees vervul het. Laat ons nou na die laaste drie feeste kyk. Is hierdie feeste ook al vervul?

### Fees van basuine, Groot Versoendag, Loofhuttefees (Lev 23:24-44)

#### Fees van basuine



Die eerste dag van die 7de maand moes as feesdag gevier word. Die maande in Israel het met nuwe maan begin. Elke nuwe maan moes gevier word (1 Sam 20:5; Ps 81:4), maar die sewende in die besonder, want in hierdie maand is die Groot Versoendag en die Loofhuttefees gevier. Die basuingeskal van hierdie maand moes die volk voorberei op die spesiale maand.

#### Groot Versoendag

Die Groot Versoendag is op Golgota vervul. Toe was Christus tegelyk Hoëpriester en Offer.

In Levitikus 16 en 23 lees ons van die Groot Versoendag. Hierdie fees is op die 10de van die 7de maand gevier. Op die Groot Versoendag moes die hoëpriester eers vir sy eie sondes offer. As dit klaar was, het daar twee bokke vir die hoëpriester gewag.

Hierdie twee bokke was bedoel vir die versoening van die volk se sonde van die afgelope jaar. Die lot is oor hulle gewerp, een lot vir die HERE, een lot vir Asasel. Die bok vir die HERE is as sondoffer geslag. Die bloed is in 'n kom opgevang. Die hoëpriester het met die bloed die



Allerheiligste binnegegaan en dit op die versoendeksel gesprinkel. Dit was die enigste keer in die jaar dat iemand die Allerheiligste mog binnegaan. Dan het die hoëpriester sy twee hande op die bok vir Asasel geplaas. So is die sonde van die volk op die bok gelaai. Hy is die woestyn ingestuur. So is die sonde van die volk weggedra en God wou glad nie meer aan die sonde dink nie. Die Groot Versoendag is op Golgota vervul. Toe was Christus tegelyk Hoëpriester en Offer. As teken daarvan het die voorhangsel van die tempel op die oomblik van Christus se se dood geskeur.

#### Loofhuttefees

Die oes is verby. Daarom mag ons op die nuwe aarde in ewige rus woon.

Hierdie fees het in die helfte van die 7de maand begin en 'n week geduur. Die oes was nou verby. Die laaste wat geoes is, is die vrugte. Die mense het gewoon in hutte wat hulle van blare (loof=blare) gemaak het. Hulle het daaraan gedink dat hulle in tente/hutte gewoon het tydens die woestynreis. Soos God die volk tydens die woestynreis bewaar en versorg het, bewaar en versorg Hy ons nog elke dag. Hulle het die goeie sorg van God vir elke dag gevier. Hierdie sorg is ook te sien in die oes wat nou verby is. Dit was daarom ook 'n dankdiens vir die oes. Daar kon gerus word van die oes. Van die ander feeste in die Ou Testament wat gevier is, sien ons dat die profetiese betekenis vervul is. Van die Loofhuttefees sien ons dit nog nie. Die oes is nog nie verby nie, ons kan nog nie vir ewig rus nie.

**Stigting Woord en Wandel  
(Eienaar & Uitgewer)**

Gilles de Jager (voorsitter)  
Berend Kamphuis  
Dr Gerard Hagg  
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134  
Tel 012 332 0127  
Faks 086 651 9719  
E-pos (stigting & administrasie):  
[kompas.admin@vgk.org.za](mailto:kompas.admin@vgk.org.za)

**Drukker:**

Printburo (telnr 012 335 9134)

**Redaksie:**

Prof Hans Boon (eindredakteur)  
Douwe Drijfhout  
Gerhard Bijker  
Marja Danielz  
Heleen Snijder

**Subredakteurs:**

Leer & Lewe:  
Roelof de Jong  
Venster op die Bybel:  
Ds Jopie van der Linden  
Wetenskap & Tegnologie:  
Johan Bijker  
In Pers-pektief:  
Hans Moes

**Redaksieadres:**

19<sup>de</sup> Laan 560  
Rietfontein 0084  
e-pos : [kompas@vgk.org.za](mailto:kompas@vgk.org.za)

**Advertensies:**

Navrae by die Administrasie

**Elektroniese betalings:**

Stigting Woord en Wandel  
Nedbank Gezina  
Takkode : 16 03 45  
Reknr : 1603 031 820  
Vermeld asb u naam en lidnommer

**Intekengelde (per jaar):**

RSA per e-pos : R60  
RSA per hand : R120  
RSA per pos : R160  
Buiteland per e-pos : €10  
Buiteland per seepos : €30  
Buiteland per lugpos : €40

<http://kompas.vgk.org.za/>

*Intekening moet asseblief skriftelik  
gekanselleer word.*

Maar dit sal wel kom. In Openbaring lees ons dat aan die einde van hierdie wêreld die basuine sal klink (Openb 8-11, dink aan die fees van die basuine). Dan sal daar geoordeel word. Omdat die Pasga en die Groot Versoendag vervul is, is ons sonder skuld voor God. Die oes is verby. Daarom mag ons op die nuwe aarde in ewige rus woon.

Van die ander feeste in die Ou Testament wat gevier is, sien ons dat die profetiese betekenis vervul is. Van die Loofhuttefees sien ons dit nog nie. Die oes is nog nie verby nie, ons kan nog nie vir ewig rus nie. Maar dit sal wel kom. In Openbaring lees ons dat aan die einde van hierdie wêreld die basuine sal klink (Openb 8-11, dink aan die fees van die basuine). Dan sal daar geoordeel word. Omdat die Pasga en die Groot Versoendag vervul is, is ons sonder skuld voor God. Die oes is verby. Daarom mag ons op die nuwe aarde in ewige rus woon.

*Heleen Snijder is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*



**Prokureurs, Notarisse en  
Aktevervaardigers**

- Eiendomsreg
- Opstel van kooporeenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of  
Johan Hurter  
Telefoon 012-664-0708  
of epos [willie@hurterspies.co.za](mailto:willie@hurterspies.co.za)

Sperdatum vir die  
volgende uitgawe van

*KOMPAS:*

6 Junie 2012

Stuur asb artikels na  
[kompas@vgk.org.za](mailto:kompas@vgk.org.za)



